higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

FINANSIËLE BESTUUR
NKR VLAK 4

(3011014)

4 Desember 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

300Q1N2004

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Toon alle berekeninge.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 'n… is 'n voorbeeld van 'n bron van finansies om 'n besigheid te begin.

A belastinginkomste
B kredietaanslaer
C banklening
D kredietnemer

1.1.2 … is 'n voorbeeld van 'n veranderlike koste.

A Huur
B 'n Advertensie
C Rente op 'n lening
D Salarisse

1.1.3 Die eienaar van 'n alleenhandelaar word in/op sy/haar … belas.

A persoonlike kapasiteit
B omset
C beleggings
D uitgawes

1.1.4 … is belasting wat werknemers op hul vergoeding betaal.

A LBS ('PAYE')
B WVF ('UIF')
C Voorlopige belasting
D OID

1.1.5 Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF) word bereken teen 'n koers van ... vir werknemers.

A 2%
B 1%
C 1,5%
D 3%

1.1.6 ... verwys na wat 'n lener aan 'n finansierder verpand as sekuriteit vir 'n lening.

A Kapitaaluitgawes
B Kontant in die bank
C Krediteure
D Aanvullende sekuriteit ('collateral')

1.1.7 Die nuwe BTW-koers in Suid-Afrika is ... .

A 12%
B 14%
C 15%
D 10%

1.1.8 'n ... is een van die dokumente wat 'n kredietgewer benodig wanneer iemand befondsing benodig.

A Onderneming se registrasiesertifikaat
B Persoonlike lening
C Bankbalans
D Debiteurelys

1.1.9 'n Bank ... word deur 'n bank toegestaan om 'n onderneming in staat te stel om 'n tydelike kontantvloeiprobleem te oorkom.

A oortrekking/oortrokke rekening
B fooi
C belegging
D debietorder

1.1.10 Wanneer 'n onderneming by die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) registreer as BTW-ondernemer, moet hulle die ... vorm invul.

A VAT 201
B VAT 202
C VAT 101
D VAT 102

(10 × 1) (10)

1.2 Kies EEN item uit die lys hier onder wat pas by elke beskrywing en skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

grensinkomste; verkoopsbegroting; vaardigheidsontwikkeling; kapitaaltoelae; kopkool; private maatskappy; rentedekkingsverhouding; omsetsnelheid van voorraad; interne opbrengskoers; R300 000; bruto inkomste; beesvleis; meesterbegroting; R1 000 000

1.2.1 Die minimum omset benodig vir 'n besigheid om by die SAID te registreer as BTW-ondernemer

1.2.2 Hierdie tempo dui die aantal kere aan wat 'n onderneming gedurende die jaar sy voorraad verkoop

1.2.3 Die aandeelhouers in hierdie onderneming is in 'n beperkte mate aanspreeklik vir die onderneming se skuld/verpligtinge

1.2.4 Die oorblywende inkomste nadat die veranderlike koste van die verkope afgetrek is

1.2.5 Hierdie verhouding meet 'n onderneming se vermoë om sy rentekoste op die uitstaande skuld te betaal

1.2.6 Hierdie begroting toon die verwagte verkope vir een periode in eenhede en randwaarde

1.2.7 Die belastingaftrekking op 'n onderneming se bates

1.2.8 'n Tegniek om beleggings te beoordeel

1.2.9 'n Fonds wat beskikbaar is vir opleidingsprogramme vir werknemers

1.2.10 'n Voorbeeld van 'n belastingvrye item

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

1.3 Bestudeer Gadifele Handelaars se kontantbegroting vir 2018 en 2019 hier onder en beantwoord die vrae.

DETAIL	2018 (R)	2019 (R)
Beginsaldo	2 300	**1.3.2**
Inkomste		
~Kontantverkope en ontvangste van debiteure	170 000	**1.3.3**
Totale inkomste	170 000	204 000
Betalings		
~Water en elektrisiteit	19 000	19 570
~Direkte materiaal	55 000	**1.3.4**
~Huur	10 000	11 200
~Salarisse	23 000	**1.3.5**
Totale betalings	**1.3.1**	113 360
Eindsaldo	65 300	**1.3.6**

ADDISIONELE INLIGTING:

- Kontantverkope en ontvangste van debiteure het in 2019 met 20% gestyg.
- Gadifele Handelaars se werknemers het in 2019 'n salarisverhoging van 8% ontvang.
- Die prys van direkte materiale het in 2019 met 5% gestyg.

Bereken die waardes wat in die tabel ontbreek. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDBOEK neer. Toon alle berekeninge. (13)

1.4 Beperkings op 'n onderneming se prestasie kan in die volgende drie kategorieë verdeel word:

- Hulpbronne
- Mark
- Onvoorspelbare gebeure

Hieronder is 'n lys beperkings. Dui aan in watter kategorie elkeen val deur slegs 'Hulpbronne' of 'Mark' of 'Onvoorspelbare gebeure' langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.7) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

1.4.1 Styging in die huur van die besigheid se perseel

1.4.2 Die leningsaansoek om nuwe toerusting te koop was nie suksesvol nie.

1.4.3 Die huidige masjinerie en toerusting is nie voldoende om die onderneming se produksievolume te verhoog nie.

Kopiereg voorbehou

1.4.4 Die aflegging van mynwerkers het gelei tot 'n afname in die vraag na beskikbare produkte in die omgewing.

1.4.5 'n Tsoenami het die ooskus van die land, waar die onderneming geleë is, getref.

1.4.6 Die COVID-19-pandemie het veroorsaak dat die onderneming gedurende die nasionale grendeltyd vir drie maande moes sluit.

1.4.7 Styging in verskaffers se pryse

(7 × 1) (7)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 2

Lees die scenario en beantwoord die vrae.

Azindini en Rofiwa woon in die dorpie Thate in Limpopo. As gevolg van die hoë werkloosheidsvlakke in die dorp, besluit hulle om vrugte en groente te plant en aan die plaaslike gemeenskap en in omliggende dorpe en stede te verkoop. Hulle noem hul onderneming Azifiwa Fruit & Veg.

Azindini en Rofiwa het trekkers, vrugte- en groentesaad en kunsmis nodig om hul onderneming te begin. Die munisipaliteit help hulle deur 'n stuk ongebruikte grond in die dorp teen 'n billike prys aan hulle te verkoop. Hulle vra ook plaaslike ondernemings om fondse of toerusting vir hul besigheid by te dra aangesien hulle beplan om werk te skep vir die inwoners. Van die toerusting, produkte en hulpbronne koop hulle met kontant wat hulle in beleggingsrekeninge gespaar het.

Volgens die ooreenkoms wat hulle met die munisipaliteit en plaaslike sakelui sluit, sal Azifiwa Fruit & Veg een keer per week groente en vrugte aan die hospitaal en kliniek in die dorpie verskaf vir die pasiënte se maaltye. Die plaaslike sakelui kan ook vrugte en groente teen afslagpryse by hulle koop.

2.1 Noem DRIE komponente wat Azifiwa Fruit & Veg in hulle sakeplan moet insluit. (3)

2.2 Azifiwa Fruit & Veg wil 'n stuk grond 10 kilometer buite die dorp koop waar hulle meer groente en vrugte wil kweek. Hulle het 'n lening van R200 000 nodig om die grond en al die nodige toerusting te koop om die grond te bewerk.

Die volgende twee kredietgewers bied vir hulle lenings aan:

- Mashoni Loaners teen 11% rente p.a. op die **totale** bedrag. Die lening is oor vyf jaar betaalbaar, in gelyke maandelikse paaiemente.
- Africa Bank teen 12% rente p.a. op die jaarlikse **uitstaande** bedrag. Die lening is oor vyf jaar betaalbaar, in gelyke maandelikse paaiemente.

2.2.1 Bereken die gelyke maandelikse bedrag betaalbaar, rente ingesluit, op die lening van Mashoni Loaners. (4)

2.2.2 Bereken die gelyke maandelikse bedrag betaalbaar, rente ingesluit, op die lening van Africa Bank. (8)

2.2.3 Watter aanbod moet Azifiwa Fruit & Veg aanvaar (Mashoni Loaners of Africa Bank)? Gee EEN rede vir jou antwoord. (2)

2.3 Die onderstaande tabel toon Azifiwa Fruit & Veg se direkte en indirekte koste.

Dui telkens aan of die koste direk of indirek is deur slegs die woord 'Direk' of 'Indirek' langs die vraagnommer (2.3.1–2.3.4) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

KOSTE	DIREK/INDIREK
Petrol vir die trekker	2.3.1
Groentesaad	2.3.2
Lone vir werkers wat die vrugte en groente plant	2.3.3
Rente op die lening wat hulle aangegaan het om die grond te koop waarop hulle vrugte en groente wil plant	2.3.4

(4)

2.4 Noem en beskryf TWEE eienskappe van 'n goeie liasseerstelsel. (4)

2.5 Die volgende inligting is deur Fezivax Vervaardigers aan jou verskaf:

Vaste koste: R6 000
Veranderlike koste: R25 per eenheid
Verkoopsprys: R50 per eenheid

2.5.1 Bereken die veranderlike koste vir die vervaardiging van 100 eenhede. (2)

2.5.2 Bereken die verkoopprys van 100 eenhede. (2)

2.5.3 Bereken die vaste koste vir die vervaardiging van 200 eenhede. Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

2.5.4 Bereken die totale koste vir die vervaardiging van 200 eenhede. (3)

2.5.5 Bereken die wins of verlies vir die vervaardiging van 200 eenhede. Toon duidelik aan of dit 'n wins of verlies is. (4)

[38]

VRAAG 3

Die volgende inligting vir die jaar geëindig 30 Junie 2019 is verkry uit Biyola Handelaars se rekords:

	BEGROTE WAARDE (R)	WERKLIKE WAARDE (R)
OMSET	363 000	388 000
Minus: Koste van verkope	134 500	155 000
BRUTO WINS	228 500	233 000
Plus: Ander inkomste	**16 375**	**16 625**
Huurinkomste	4 000	3 625
Rente-inkomste	12 375	13 000
Minus: Ander uitgawes	**45 811**	**48 700**
Telefoon	2 850	3 300
Advertensie	1 950	1 950
Elektrisiteit	6 725	7 137
Verversings	1 438	1 188
Salarisse	23 750	26 250
Skryfbehoeftes en drukwerk	673	550
Algemene uitgawes	925	825
Rente op lening	6 000	6 000
Herstelwerk	1 500	1 500
NETTO WINS VIR DIE JAAR	199 064	200 925

3.1 3.1.1 Bereken die omset-afwyking en sê of dit gunstig of ongunstig is. (3)

3.1.2 Gee EEN moontlike rede vir die afwyking wat jy in VRAAG 3.1.1 bereken het. (2)

3.1.3 Bereken die telefoon-afwyking en sê of dit gunstig of ongunstig is. (3)

3.1.4 Maak EEN aanbeveling wat die onderneming kan implementeer om die telefoon-afwyking te bestuur. (2)

3.1.5 Verduidelik EEN moontlike rede waarom daar nie afwykings is vir elk van die volgende uitgawes nie:

- Rente op die lening
- Advertensie (2 × 2) (4)

3.1.6 Bereken die begrote salarisse vir 2020 gebaseer op 'n verhoging van 7% op die werklike waarde vir 2019 (3)

3.1.7 Bereken die persentasie bruto wins vir die jaar gebaseer op die werklike waardes. Toon die formule en rond die antwoord af tot TWEE desimale (3)

3.1.8 Bereken die persentasie netto wins vir die jaar gebaseer op die begrote syfers. Toon die formule en rond die antwoord af tot TWEE desimale plekke. (3)

Kopiereg voorbehou

3.2 Noem DRIE stappe wat jy moet volg wanneer jy 'n sakeplan wil opstel in 'n vorm wat vir 'n finansiële instelling aanvaarbaar is. (3)

3.3 Verduidelik kortliks die doel van die inkomstestaat. (1 × 2) (2)

3.4 Noem TWEE maatreëls wat 'n onderneming kan gebruik om sy debiteure te bestuur. (2)

3.5 Teken die volgende tabel in die ANTWOORDBOEK oor en voltooi dit deur VIER soorte finansiële verslae wat nuttig is vir 'n onderneming daarop in te vul. Vul ook in wie die hoofgebruiker van elke soort verslag is.

SOORT FINANSIËLE VERSLAG	HOOFGEBRUIKER
Voorbeeld: Inkomstestaat	*HUB/Senior bestuurder*

(4 × 2) (8)

3.6 Gee EEN voorbeeld van elk van die volgende:

3.6.1 Inkomste

3.6.2 Uitgawes (2 × 1) (2)

[40]

VRAAG 4

4.1 Definieer die term *begroting* kortliks. (2)

4.2 Beskryf kortliks DRIE maniere waarop 'n sakeman die begrote bedrae in sy onderneming se begroting bepaal. (3 × 1) (3)

4.3 Die volgende is 'n uittreksel uit Mathapelo se persoonlike bates en laste:

	R
Meubels en toerusting	R55 000
Motorlening	R285 000
Kontant	R3 500
Motor (BMW 3-reeks): Boekiewaarde	R385 000
Vaste deposito	R12 000
Korttermynlening	R3 500
Klererekening	R700
Lening van Keabetswe	R88 000

4.3.1 Noem TWEE van Mathapelo se niebedryfsbates. (2)

4.3.2 Noem TWEE van Mathapelo se bedryfslaste. (2)

4.3.3 Bereken Mathapelo se netto waarde. Toon ALLE berekeninge. (9)

4.4 Die volgende is 'n uittreksel uit Voortrekker Handelaars se rekords:

	2018	**2019**
	R	**R**
Niebedryfsbates	301 250	302 500
Bedryfsbates	30 100	30 803
Niebedryfslaste	30 000	28 750
Bedryfslaste	28 803	28 479
ADDISIONELE INLIGTING:		
Voorraad	7 563	7 075
Debiteure	6 375	8 125
Bank	16 063	15 603
Kredietverkope	96 000	100 750

Bereken die volgende verhoudings. Toon AL die formules en berekeninge. Rond die antwoorde af tot TWEE desimale plekke, tensy anders aangedui:

4.4.1 Vuurproefverhouding ('acid-test ratio')vir 2018. (3)

4.4.2 Bedryfsverhouding vir 2019. (3)

4.4.3 Debiteure-invorderingsperiode vir 2019. Rond u antwoord af tot 'n heelgetal. Lewer **kommentaar** op hierdie verhouding. Gebruik die volgende formule:

$$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times 365$$

(5)

4.5 Bereken die terugbetalingstydperk van die volgende nuwe masjien:

Masjien se koste	R24 000
Verwagte kontantvloei:	
~Jaar 1	R 8 000
~Jaar 2	R10 000
~Jaar 3	R12 000

(6)

4.6 Tinkie Bakkery verkoop toebroodjies teen R25 elk aan die plaaslike TVET-kollege se studente. Die veranderlike koste vir 'n toebroodjie, insluitend die brood, botter en vulsel, is R19. Die onderneming verkoop altesaam 60 toebroodjies per handelsdag.

4.6.1 Bereken die *kontribusiemarge* of *grensinkomste* vir een handelsdag in rand. (3)

4.6.2 Bereken die kontribusiemargeverhouding *(%)* vir een handelsdag. (4)

[42]

VRAAG 5

5.1 Noem VYF dokumente en inligting wat 'n persoon benodig vir die invul van 'n belastingopgawe-vorm. (5)

5.2 Dui aan of die volgende uitgawes belastingaftrekbaar is of nie. Gee telkens 'n rede vir jou antwoord.

5.2.1 R4 000 is aan 'n loodgieter betaal om die sakegebou se dak heel te maak.

5.2.2 Die eienaar se privaat voertuig is vir herstelwerk geneem en die koste daarvan was R2 500.

5.2.3 Die regskoste wat aan die prokureur betaal is om die loodgieter te dagvaar omdat die lekkende dak nie behoorlik reggemaak is nie; sy werkery het veroorsaak dat die dak nog erger lek en die ander vertrekke in die sakegebou ook beïnvloed.

(3 × 2) (6)

5.3 Sonke Handelaars het 'n kopieermasjien vir sakegebruik gekoop teen R250 000. Volgens die SAID kan Sonke Handelaars 25% per jaar op hierdie masjien afskryf.

Bereken die kapitaaltoelae wat die onderneming vir elk van die vier jaar kan eis volgens die afnemende saldo metode. Toon ook die **totale** kapitaaltoelae wat oor die vier jaar geëis sal word. (5)

5.4 Bestudeer die onderstaande tabelle en beantwoord die vrae.

2018 belastingjaar (1 Maart 2017–28 Februarie 2018)

BELASBARE INKOMSTE (R)	BELASTINGKOERSE
0 – 189 880	18% van belasbare inkomste
189 881 – 296 540	R34 178 + 26% van belasbare inkomste bo R189 880
296 541 – 410 460	R61 910 + 31% van belasbare inkomste bo R296 540
410 461 – 555 600	R97 225 + 36% van belasbare inkomste bo R410 460
555 601 – 708 310	R149 475 + 39% van belasbare inkomste bo R555 600
708 311 – 1 500 000	R209 032 + 41% van belasbare inkomste bo R708 310
1 500 001 en meer	R533 625 + 45% van belasbare inkomste bo R1 500 000

BELASTINGDREMPELS		BELASTINGKORTINGS	
OUDERDOM	**2018**	**KORTINGS**	**2018**
	R		R
Onder 65	75 750	Primêr	13 635
65 en ouer	117 300	Sekondêr (65 en ouer)	7 749
75 en ouer	131 150	Tersiêr (75 en ouer)	2 493

5.4.1 Andiswa Meubileerders is 'n alleenhandelaar met 'n netto wins van R225 000 vir die jaar. Bereken hoeveel belasting die 76-jarige eienaar, Andiswa, vir die 2018-belastingjaar moet betaal. (8)

5.4.2 Bereken hoeveel belasting Andiswa Meubileerders se 58-jarige boekhouer, Xolile Sibiya, vir die 2018-belastingjaar moet betaal. Haar belasbare inkomste is R18 500 per maand. (6)

5.4.3 Bereken hoeveel belasting Andiswa Meubileerders se 55-jarige administrateur, Vathiswa, vir die 2018-belastingjaar moet betaal. Vathiswa het 'n belasbare inkomste van R12 000 per maand. (4)

5.5 Teken die onderstaande tabel in jou ANTWOORDBOEK oor en voltooi dit deur die volgende implikasies van die nakoming al dan nie van belastingregulasies daarop in te vul:
TWEE implikasies as 'n klein onderneming belastingregulasies nakom, en TWEE implikasies as 'n klein onderneming belastingregulasies nie nakom nie.

IMPLIKASIES VAN DIE NAKOMING VAN BELASTINGREGULASIES	IMPLIKASIES AS BELASTING-REGULASIES NIE NAGEKOM WORD NIE

(Enige 2 × 2) (4)

5.6 Beskryf kortliks die regstatus van 'n private maatskappy. (2)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou